

Source: INSIG

Date: 31-Oct-2004

Topic: 25

Ref No: 5155



1

ID: 03145686-01 Source Page: 21

Onderwys

Die groot stilte ná die Maandagspits-tyd daal oor die Groenkloofkampus in Brooklyn, Pretoria. Dis 17:00. Ek pluk aan die twee swaar glasdeure van die admingebou wat 'n uur gelede al gesluit is. Als verniet. Dooiemansdeur. Soos die onderwys, besluit ek sinies.

Twee sekuriteitswagte red my. Hulle vergesel my deur 'n derde ingang en in 'n dodelik stadige hysbak op na die vierde verdieping. Die prof is besig met iemand. Dan loer 'n bonkige man met donker gelaat, netjiese snor, lourierkrans- grys hare en helder oë om die kosyn. "Haai! Nou by jou, hoor."

Die naambord lees: Prof. JD Jansen, Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde. In die wagkamer hang 'n groot skildery van bloupers berge deur W.H. Coetzer. Diepgrys wolke versluier die pieke. Storms in die onderwys, tob ek.

Jonathan Jansen word wyd gerespekteer as 'n vreeslose kommentator en navorser oor die stand van die onderwys, 'n barometer wat aandui in hoeverre sake waarlik verander het. Sy menings oor staats-inmenging en die pyne van transformasie word gereeld in koerante gepubliseer.

Een van sy waarnemings: dat rassisme in skole en universiteite nog hard skop. In *Rapport* van 15 Augustus skilder hy die milieu: "By die historiese wit Afrikaanse universiteite het my eie navorsing getoon dat wit en swart studente erg vervreemd is van mekaar. Dit het met meer te doen as taal, simbole en kultuur. Veral in die kos-huise kan 'n mens 'n soort 'rassegeografie' waarneem: wit Afrikaanse studente uit die diep platteland of hoofsaaklik wit stadskole leef nou dikwels vir die eerste keer in hul lewe op gelyke grondslag saam met swart studente in 'n beperkte koshuisruimte." (Die artikel, merk ek, is teen die fakulteit se more opgesit waar alle studente dit kan lees.)

Andersyds, in *The Mail & Guardian* ("How Far Have We Come", 13 Augustus) skryf hy oor Engelstalige instansies: "That is why most (although certainly not all) of the so-called liberal, white, English-speaking schools have made so little progress on this subject. It has to do with deeply ingrained notions of white competence and black incompetence."

"Whisky vir jou?" vra hy wanneer ek sy luukse, boekbelaaide kantoor binnestap. Graag, knik ek, maar hy lag: "Nee, daar's net koffie of tee."

Wit hemp, das los gewoel. Ons gaan sit in die "sitkamer"-gedeelte van die kantoor en

hy plaas sy bril op die koffietafel. Dan strek hy hom behaaglik horisontaal op die sagte rusbank uit.

"Ek is drieuur soggens wakker." Tog lyk die proffie nie moeg nie. Hy kry sy derde

IN 'N KLAS VAN SY EIE

SKOOL WAS VIR
HOM HEL EN HY
HET SY EERSTE
JAAR GEDRUIP.
VANDAG IS PROF.
JONATHAN JANSEN
DEKAAN VAN
OPVOEDKUNDE AAN
DIE UP, EN EEN VAN
DIE VÓORSTE
VEGTERS VIR
WERELDGEHALTE-
ONDERWYS IN
SUID-AFRIKA. HY
IS OOK 'N UITGE-
SPROKE KRITIKUS
VAN SKADELIKE
BUROKRATIESE
INMENGING.

**SCHALK SCHOOMBIE
HET AAN SY VOETE
GAAN SIT.**

asem. "Nee jong, Suid-Afrikaners is bleddie luijaards."

Dié benydenswaardige werketiek kry hy van ouers wat "evangeliese Christene" was. Sout van die aarde. Ma 'n verpleegster, pa "slegter daaraan toe" as drywer, bode en later heeltydse sendeling op Beaufort-Wes.

Wat kan jy verwag as 'n (Engelse) pa

Abraham heet en 'n (Afrikaanse) ma Sara? Al vyf kinders het Bybelname gekry – en JD Jansen staan vir Jonathan David. 'n Arm, konserwatiewe huishouding, maar daar was altyd liefdevolle ondersteuning en kos op die tafel.

JONATHAN JANSEN IS op 29 September 1956 op Montagu gebore. Die tenoerstem verraaï geen Kaapse invloed nie. Hy praat vlot Afrikaans en Engels, soos 'n omroeper – gesêen met natuurlike aanleg en 'n goeie oor.

Sy skooljare het hy uitsluitlik as negatief en pynlik ervaar.

"Ek het skool gehaat. Ek onthou hoe ek geslaan is. En dan was daar nog die politieke situasie. Toe ek dertien was, is ek en 'n skooldogter op Republiekdag, 31 Mei, aangese om die vlag te hys. Toe ek weier, het ek die pak van my lewe gekry. Ek vind dit steeds moeilik om 'Die Stem' te sing

"Ek was altyd laaste in die klas. Op 'n dag het 'n Latynonderwyser my eenkant geneem en gesê: 'I figured you out. You have enormous potential, but you're hiding it.' My ma het die betekenis van die woord 'potential' aan my verduidelik, en daarna was ek nooit weer laaste nie. Eerder tweede in die klas.

"Ek was die eerste een in my Steenberg-skool wat standerd 10 eersteklas deurgekom het, en ek wou met alle mag UCT toe."

Dáár het toelatingbeamptes hom aangestaar en uitgelag – sulke vermetelheid van 'n township-kind!

Vroeg opstaan was sy voorland. "Ek moes ver ry om by klasse te kom. Ek het duim, trein, bus en taxi gery en was altyd laat vir my eerste klasse. Die praktiese klasse vir die B.Sc.-graadkursus was smiddae en wanneer dit klaar was, was die laaste bus al weg. Ek het tennuur saans tuis gekom en dan moes ek nog studeer. Dit was hel."

Toe hy een dag vyf minute laat by 'n chemielesing instorm, het die dosent hom uit die klas gejaag.

"Ek het my eerste jaar gedruip. As jy wou toets skryf, staan die *riot police* voor die klas. Al wat ek onthou van my eerste jaar by die Universiteit van Wes-Kaapland was die alewige gehardloper – meestal vir die polisie."

Hy wou biochemikus word, maar kon makliker 'n beurs kry om onderwys te studeer. As idealistiese onderwyser van 19 het hy die platteland aangedurf. Hy het iets van alles aangebied: biologie, natuur- en skeikunde, wiskunde en musiek (klavier).

Sy eerste ondervinding van klasgee was aan die "kinders" van Saldanha – geharde skollies van twintigplus. Een knewel

Source: INSIG

Date: 31-Oct-2004

Topic: 25

Ref No: 5155



1

ID: 03145686-02 Source Page: 21

genaamd Haas het hom met 'n mes gedreig. "Toe haak ek af en slaan hom uit. Van daardie dag af het ek baie respek vir onderwysers."

As middelfstand-afrigter het Jonathan saam met die atlete genaël. Daar het hy ook Afrikaans leer praat, so sukkel-sukkel.

"Toe twee jaar verby is, het ek besef maar dis lekker, dis wat ek wil doen! Ek wou kinders uit arm, onstabiele huise help om standaard 10 deur te kom, om daaglik te sien ek maak 'n verskil."

Daarna het hy klas gegee in Distrik Ses, waar hy moes toesien hoe die polisie kinders bydam. Dit was die vroeë 1980's, en sy leerlinge het deur die klaskamervensters gekyk terwyl hulle huise oorkant die straat gesloop word.

"Toe't ek begin verstaan. Ek het die wit Afrikaners en hul taal gehaat. Dis vóór ek kennis gemaak het met die skrywe van mense soos Beyers Naudé en talle ander grotes. Ek was op die punt om ernstig by die politiek betrokke te raak toe ek 'n beurs kry om oorsee te gaan studeer."

Hierdie kans het hy aangegryp en saam met sy vrou, Grace, is hy na Cornell-universiteit in New York, VSA, waar hy twee jaar lank aan sy M-graad gewerk het.

"Skielik het mense gedink my idees is iets werd. Ek was so begeesterd dat ek alle soorte klasse bygewoon het. Van toe af het my lewe verander. My selfvertroue het opgeskiet."

JONATHAN HET sy Ph.D.-graad aan die Stanford-universiteit in Kalifornië in 'n rekordtyd voltooi. Vier jaar later was hy terug in Suid-Afrika. Tye van verandering, die vroeë 1990's. "Ek het die land opnuut leer ken."

Ná 'n tydperk as dekaan van kurrikulum-studies aan die Universiteit van Durban-Westville is hy die pos van viserektor by Wits aangebied. Terselfdertyd het die rektor van die UP, Johan van Zyl, hom gebel en genooi: "Kom gesels met my." Jonathan het hom met bedenkinge in die hart van Afrikanerdom begeef.

"Daar was nie eens sprake daarvan dat ek so iets sou oorweeg nie. Maar ná vyf minute van gesels met Johan van Zyl het ek Grace gebel en gesê: Ons gaan Tukkie toe. 'You're out of your mind,' was haar reaksie. Maar ek was oortuig hy's die soort bekwame leier wat 'n wêreldklas-universiteit kan bou."

As nuwe dekaan van opvoedkunde had hy carte blanche om 'n fakulteit van topgehalte te ontwikkel. Hy het begin deur ses maande lank rond te loop, te luister en vrae te stel. Hy het talentvolle Suid-Afrikaners van oorsee af teruggelok.

"Ek het gesien mense is honger vir

'EEN KNEWEL GENAAMD HAAS HET MY MET 'N MES GEDREIG. VAN TOE AF HET EK BAIE RESPEK VIR ONDERWYSERS!'

verandering. Studente is nie ernstig opgeneem nie, en in my agterkop was al my negatiewe ervarings. Ek wou hê studente moes met goeie herinneringe hier weggaan. As daar 'n ding is wat my kwaad maak, is dit 'n dosent wat op 'n student skree."

Sy visie verwoord hy sonder aarseling: "Ek wil 'n leier wees wat oorhoofs kyk na internasionale posisionering, wat by skole uitkom, strategiese beplanning doen, internasionale netwerke bou en alumni inbring. Ek is bedags hier van 7 vm. tot 7 nm. – en ek kan nie wag om te kom werk nie."

In 'n aangrensende saal word daar eers 'n *infomercial* aan my vertoon, en dis die kultuur van openheid, kommunikasie en diversiteit (talle oorsese studente) wat opval. Die boodskap is dat studente na binne moet kyk – introspeksie as sleutel tot individuele en sosiale transformasie.

Hy wys na die klein beeldhouwerk van Paul Kruger in die voorportaal. "Daar is mense wat my vra hoekom ek dit nog hier aanhou. Dit gaan nie oor die vervanging van kulture nie, eerder oor gesprekvoering tussen simbole en kulture."

Wat van onderwysers se knaende klages? Die tydverkwisting van burokrasiese rompslomp wat klasgeetyd en

HY GLO DIE TOEKOMS LÊ OPGESLUIT IN DIE PRAKTYK VAN DIE AFRIKAANSE SKOLE: 'N STERK LEERKULTUUR

individuele aandag aan leerders beperk? Swak vergoeding, verdwynende dissipline, onmoontlike ure en eise? Of kla onnies gewoon te veel?

Hy knik sy kop in empatie, antwoord buite-om. Hy begryp goed. Sy dogter, Nomzamo, is in graad 7 en sy seun, Mikhail, in graad 12.

"Ek kan jou verveel met die goeie nuus. As opleier van onderwysers moet ek die boodskap uitkry dat jy nie magteloos is nie. Daar is oplossings. Ek skryf gereeld in koerante en rubrieke om die regering attent daarop te maak dat hulle droogmaak, dat die nuwe stelsel van onderwysers burokrasie maak, hulle de-skill. Moeg maak.

"Die toekoms hang nie van die regering af nie, maar van plaaslike inisiatiewe, van goeie leierskap. Pretoria het nie die geld om ons te red nie."

Hy glo die toekoms lê opgesluit in die praktyk van die Afrikaanse skole. "Daar sien ek iets wat ook vroeër in swart skole bestaan het. 'n Sterk leerkultuur. 'n Voorspelbare rooster, toegewyde onderwysers, basiese respek vir die onderwyser, 'n ongelooflike sterk bevoegdheid en kapasiteit vir onderrig. Basies het die Afrikaner sy pad uit armoede uit baklei deur die onderwys. Die vraag is hoe kan ons dit na alle skole deurvoer.

"As al wat jy sien 'n wit hoof en wit onnies is, dan is dit ook al wat jy respekteer. Doen iets dat jong mense meer blootstelling kry aan slim swartes om te help om stereotipes af te breek. Onderwys gaan oor baie meer as goeie toetspunte – leerders moet leer om mens te word. Hierdie skole sukkel nog met die fynere goed. Baie skole het 'n dors na hulp om die oorgang te maak."

SY TAAK SIEN hy byna in 'n evangelistiese lig: "Met my laaste asem sal ek verseker dat daar die hulpbronne en taal is om die oorgang te bevorder." Sy eie afsetgebied

wys dit werk. Kommunikasie, respek is die sleutels. Eerstejaars hoef nie afsprake te maak om die dekaan te kom spreek nie – hulle stap net in. Vir die eerste vyf minute mag daar nie oor werk of studies gepraat word nie. Proffie bied selfs koffie aan.

Hy knik geamuseerd, onthou die eerstejaartjie wat die wind uit sy seile gehaal het.

"Sy't gevra: Prof, kan ek vir jou bid? En toe raak ek skoon tranerig. ..." Hy beduie na die boekrak waar daar binne reikafstand 'n snesieboks met die woorde "huil maar" pryk.

"Ek dink toe aan al die brúe wat sy moes oorsteek, van ras, geslag en gesag. Dis mos emosionele intelligensie! Wat 'n voorreg om sulke kinders op te lei. Dit gee my elke dag hoop." ■